


**NIEMAND WORD AS VOLWASSENE GEBORE NIE**

📖 *“Ek is met Christus gekruisig, en* ***ÉK*** *leef nie meer nie, maar Christus leef in my…” – Galásiërs 2:20*

Ons het almal met sagte vel en onvaste treë hierdie wêreld betree. Geen baba word volwasse gebore nie.

Net so is niemand van ons volwasse wanneer ons deur die Gees gebore word nie. Die weergeboorte is die begin van ‘n nuwe lewe, nie die klimaks daarvan nie.

Maar o, hoe gou vergeet ons dit.

Ons dink soms omdat ons ‘n geestelike ervaring gehad het, behoort ons nou gereed te wees vir geestelike hoogtes. En wanneer die ou ek weer begin praat; daardie innerlike stem wat sê *“Ek weet beter,”* dan dink ons dit is iets vreemd. Maar dit is nie vreemd nie. Dit is vlees. Dit is die ou mens wat steeds probeer asemhaal al is hy reeds gekruisig.

Die grootste vyand van geestelike groei is nie altyd die duiwel nie; hy is oorwin. Dit is die self wat nog nie wil sterf nie. Dit is nie altyd die vyand buite nie, maar die troon binne: Daardie plek waar ek nog besluit wat reg is, waar ek nog kies wat goed voel bo wat waar is (2 Thess. 2:1-4; 2 Tim. 3:1-5).

Maar Jesus se uitnodiging bly staan: *“Neem jou kruis op, daagliks, en volg My.”* Nie eenmalig, nie simbolies nie, maar werklik. In elke besluit. In elke konfrontasie tussen my wil en Sy wil.

Volwassenheid in Christus word nie gemeet aan kennis of bediening nie. Dit word gemeet aan kruisiging; aan hoe vinnig die ou ek stil word wanneer die Gees spreek. Aan hoe gereeld ek kies om te sterf, sodat Sy lewe kan groei.

Want volwassenheid neem tyd. En meer nog: Dit vra oorgawe.

💭 **Nadenke:** Is jy besig om geestelik te groei… of beskerm jy dalk nog ‘n paar kamers van jou eie-ek teen die lig van die kruis? Het jy jou kruis opgeneem vandag; nie as straf nie, maar as die pad na ware lewe?